CASA report – Northern region

Classics at Unisa 2007-2009

Classics now forms part of the Department of Classics and World Languages. Since 2007, the following staff changes took place:

- Prof Gottfried Mader resigned and relocated to the UK.
- Drs Johan Strijdom and Sira Dambe moved to the Departments of Religious Studies and English respectively.
- Mr Mark Kirby-Hirst was appointed in 2008 on contract as lecturer in Greek, Classical Culture and Ancient History.
- Dr Liana Lamprecht had 11 months of Research & Development leave during 2008 and Prof Phlip Bosman the same during 2009.

Promotions:

- Martine de Marre appointed as departmental chair
- Liana Lamprecht to senior lecturer
- Phlip Bosman to associate professor.

Awards:

- Phlip Bosman was awarded the Chancellor's Prize for research in 2008.

Tuition:

- Unisa offers majors in Classical Culture, Ancient History, Greek and Latin. The languages have been under severe pressure due to low student numbers in the distance education frame, with the unfortunate result that Greek and Latin will only be offered on second and third year level until 2011. The first level courses remain as service modules for other degrees, including our own postgraduate degrees.
- The course offerings had to be cut in some instances, and merged in others to the required minimum, on the basis of university policies regarding student numbers and economies of scale.
- A new honours programme in Classical Studies was launched in 2008: students have the option to specialise in Ancient History, Classical Culture or one of the languages.
- Student numbers are steady, but frequent forced changes in offerings, tuition overload, administration inefficiencies and general transformation fatigue have taken their toll.

Colloquium

- Two successful colloquia were hosted since the previous CASA meeting. The 8th Unisa Classics Colloquium was held in October 2007 on the theme 'Madness and mental composure. Our invited speaker was William Harris of Columbia University. The 2008 event was on 'Greeks, Romans, Africans', to which the following speakers were invited: John Hilton (UKZN), Jo-Marie Claassen (Stellenbosch), Karla Pollmann (St Andrews), Noureddine Tlili (Paris).
- The 10th Colloquium will be hosted this year in collaboration with the Unisa Department of New Testament and Early Christian Studies, on the theme 'Family as Strategy in the Roman Empire'.

Universiteit van die Vrystaat

Dit was twee gebeurtenisvolle jare. Nadat Grieks vir ‘n jaar of twee in die wildernis was sonder ‘n departementele tuiste, is daar eindelik besluit dat dit by Latyn hoort eerder as by Teologie, en het hierdie afdeling van die Engelse department toe “Klassieke Tale” geword. Aan die einde van 2008 het die Senaat na verskeie vertoë besluit dat Klassieke Tale weer ‘n selfstandige, outonome departement kon word. Dit was te danke aan groter studentegetalle en navorsingsuitsette. Die kursus Regstaal en Kultuur wat ‘n paar jaar gelede ingestel is, asook groter belangstelling in Latyn op voor- en nagraadse vlak, en daarby die Teologie-studente wat Grieks en Bybelkunde neem, het ons getalle aansienlik laat toeneem. ‘n Belangrike faktor was ook dat prof. François Retief (voormalige rektor van die UV) hom by die Klassieke geledere aangesluit het as Navorsingsgenoot, en in samewerking met prof. Louise Cilliers het hulle die afgelope 11 jaar 57 artikels in geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer.

In April 2008 het Louise Cilliers op uitnodiging ‘n lesing aan die Universiteit van Lausanne in Switserland gegee, en in September het die Cilliers’s twee kongresse oor Antieke Geneeskunde bygewoon, een in Kreta en een op Cyprus; by lg. het Louise ‘n referaat gelewer. Daarna het hulle Athene en ook Thessaloniki besoek wat spog met een van die mees verteenwoordigende museums oor die Antieke Wêreld is, asook Vergina met sy indrukwekkende klein ondergrondse museum waar Philippus II, die pa van Alexander die Grote, begrawe is.

Aan die einde van 2008 het Louise Cilliers afgetree na talle jare as dosent aan verskeie universiteite, en die afgelope 26 jaar aan die UV, waarvan 14 jaar as hoof van die Departement Latyn (sy gaan nou voort op kontrakbasis). Dit was werklik verhoring van gebed dat prof. Christoff Zietsman ingestem het om na die Vrystaat te kom om hoof van die Dept. Klassieke Tale te word. Hy het reeds die afgelope 6 maande ‘n stewige staanplek in die fakulteit gekry en het groot planne vir die toekoms. Die department het ook in die plek van dr. Louis le Roux ‘n junior lektrise in Grieks bygekry in die persoon van me Anneli Machin. Verder ondersteun drr. Johan Cilliers en Dirk Coetzee die departement op kontrakbasis en word gereeld gevra om artikels te keur; Johan is ook die koördineerder van die KVSA Opstelkompetisie.

Noordwes Universiteit

Marlene van den Berg het in Mei haar PhD-graad ontvang. Die titel van haar skripsie was: "A phytochemical analysis of some ancient narcotics, with comparative notes on some South African folk medical practices". Haar studieleier was prof Marianne Dircksen en die mede-studieleier was prof John Scarborough. Prof Dircksen en dr Van den Berg het saam 'n artikel daaruit gepubliseer: DIRCKSEN, M & VAN DEN BERG, M. 2008. Mandrake from Antiquity to Harry Potter. Akroterion. Volume 53, December 2008. p. 67-79.

Prof Dircksen het verlede jaar 2 kongresreferate gelewer: "Die rol van Latyn in die opleiding van regstudente in Suid-Afrika in die 21ste eeu” by die SA Akademie se simposium oor diversiteit, Stellenbosch. (19-20 June 2008) en "Teaching Latin at a South African university in 2008: Some challenges and strategies” by die Athiner, conference on Education in Athene (Mei 2008).

Sy was ook betrokke by die keuring van 'n artikel en 'n boek (Meditasies vertaal deur Francois Bredenkamp), eksterne moderering van verhandelings (1 by Stellenbosch, 1 by UCT en 1 by UV) en eksamenvraestel moderering (UJ), en ek was 'n paneellid by die Kwaliteitsverskeringsproses.

Prof Fick het 'n referaat gelewer in Bloemfontein by die Kalvynkongres en dan natuurlik ook een by ons jaarvergadering. Hy is nou op pad na Frankryk waar hy ook 'n referaat oor Kalvyn sal lewer.

Wat studentegetalle betref, is die Latyn1 getalle ’n bietjie af - 60 wat by die eksamen uitgekom het hierdie semester. Latyn 2 het 15 studente (die eerste semester is verpligtend vir Teologiestudente) en Latyn 3 het 3 studente. Daar is 1 Honneursstudent. Antieke Kultuur is om ekonomiese redes vir Geskiedenis gegee. Daar is 150 studente, maar dit het ongelukkig 'n regte "stopvak" geword. Die Grieks en Hebreeus tot op 3de jaars vlak is ook verpligtend vir Teologie (meestal Nuwe Testament Grieks) en die getalle hang dus 100% saaam met die inskrywings vir die betrokke jaar by Teologie. Hebreeus en Grieks 1: 23 studente, Hebreeus en Grieks 2 het 5 studente en Grieks 3 het 12 studente. Daar is 3 Grieks en 2 Hebreeeus honneursstudente.

Academia Latina, Universiteit van Pretoria

Die jaar 2008 was ook ‘n eeufeesjaar in die Academia Latina, sentrum van die Departement Antieke Tale. Ons het teruggekyk oor ‘n honderd jaar MCMVIII-MMVIII in die Departement Latyn en twintig jaar vanaf die stigting van die Academia Latina. Die kursus in Mediese terminologie (MTL) het steeds uitgebrei na nog nuwe vakrigtings en 1000 + studente in die volgende studierigtings neem tans MTL: MBChB, BSc Biol, BChD, BVSc, BCur, BA MBK, BRad, BOcc Ther en BDietetics. Vir hierdie studente word jaarlikse die Pro Medica HW Snyman Gedenklesing gereël. Pro Medica 3 April 2008 se tema was Van Ontstaan tot Eeufees en die vier gassprekers was prof Henk Potgieter (Ab Urbe Condita), Me Annelie Meiring (DieOpenbare beeld van die Verpleegkundige), prof. R Mogotlane (Pyn: Vriend of Vyand?) en prof. Eugene Cloete (Kan DNA Genesis bewys?).

Pro Medica 2009 is hierdie jaar gehou op 6 Mei en die gassspreker was Prof Andries Stulting, Hoof: Departement Oftalmologie, Universiteit van die Vrystaat. Sy onderwerp was *“Ex Africa semper aliqiud novi”.* Sy voorlesing in die Aula strek oor sy mediese besoeke aan nege Afrikalande. Die topstudent van 2008 in MTL ontvang ’n kontantprys van PPS en die opvolg beste presteerders elk ’n medalje en sertifikaat .

‘n Verdere hoogtepunt was die jaarlikse Regslatyn Sertifikaat -oorhandigingsfunksie op 15 Oktober 2008. By hierdie geleentheid ontvang suksesvolle Regslatynstudente elk ‘n sertifikaat van die *Pretoriase Vereniging van Advokate*. Prof Duard Kleyn was die gasspreker met die onderwerp, *Latyn en die Suid-Afrikaanse Grondwet*.

Die Schola Scripta-korrespondensiekursus gaan steeds van krag tot krag. Na ‘n onderhoud op RSG van prof Marianne Dircksen het nuwe inskrywings ingestroom, almal van mense wat nooit die geleentheid gehad het om Latyn te leer nie. Ook skoliere en studente wil hulle beter bekwaam of hulle perspektief verbreed. Die jongste student is 10 jaar oud en die oudste student is ‘n dame van 81 van die Strand. Die verspreiding van 300+ inskrywings oor die land strek van Pietersburg, Nylstroom, Calvinia, Bloubergstrand, Strand, Somerset-Wes, Hermanus, George, Robertson, Port-Elizabeth, Orania, Engeland, VSA en Kanada.

Die waarnemende departementshoof, prof Hennie Stander, skryf op 14 Januarie 2009 aan die dekaan: “Die Departement Antieke Tale is baie trots op mev. Corrie Schumann wat op 10 November 2008 ‘n Laureaattoekenning ontvang het vir die besondere bydrae wat sy gelewer het tot Onderriginnovasie aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie toekenning is ‘n erkenning vir haar jarelange toewyding en harde werk om Latyn as vak op primêre, sekondêre en tersiêre vlak te bevorder. Mev. Schumann is die hoof van die Academia Latina. Sy inisieer die Schola Scripta- en Mediese Terminologie-kursusse en was verantwoordelik vir die herinstelling van Regslatyn(RTL) as ‘n keusemodule vir regstudente”.

Mnr. Leslie Levy, lid van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika (KVSA) sedert 1964 het onlangs ‘n jaarlikse prys van R 1000-00 uitgeloof vir die beste Schola Scripta-student elke jaar. Hierdie gebaar word opreg waardeer deur die Academia Latina en is ‘n bevestiging van die sukses van hierdie beginnerskursus.

Die Academia Latina en die Departement Antieke Tale sien uit na die jaar 2010 en nog geleenthede om die vak Latyn verder uit te brei.

Dr Beatrice Martin het einde 2008 afgetree, na 27 vrugbare jare by die Universiteit van Pretoria. Dr Martin het as mede-outeur met John Garthwaite ‘n hoofstuk bygedra tot die splinternuwe: “Writing Politics in Imperial Rome”, edited by WJ Dominik, J Garthwaite & PA Roche, Brill, Leiden 2009. Die hoofstuk is getiteld: “Visions of Gold: Hopes for the New Age in Calpurnius Siculus’ *Eclogues*’.

Universiteit van Johannesburg

Daar is tans 3 voltydse personeellede: Prof JLP Wolmarans, Dr Andrea Doyle, en Me Marilena Triandafillou, terwyl prof WJ Henderson op kontrakbasis aangestel is.
Prof B Hendrickx en sy vrou Thekla het afgetree, maar is ook heraangestel op kontrakbasis. Dr. Mairéad MacAuley besoek tans die departement as ‘n post-doktorale navorsingsgenoot.
Die Departement het gedurende 2008 twee doktorsgrade afgelewer, asook twee MA's (almal in Grieks).
Die Departement het die hoogste navorsingsuitsette in die fakulteit gehad.
Daar is ongeveer 75 voorgraadse studente en 33 nagraadse studente ingeskryf vir die Grieks -, Latyn -, Antieke Kultuur kursusse.

University of the Witwatersrand

Prof Denis Saddington is in the School of Literature and Language Studies, but no classics is taught at all. He has one student whom he teaches Latin to, but unofficially. He is an honorary research professor at WITS, and still gets grants for conferences both locally and overseas.

Jaarvergaderings van die Noordelike streek van KVSA

Die 2008 jaarvergadering van die Noordelike streek is op 11 Oktober by die Universiteit van die Vrystaat gehou en die program word hierby ingesluit:

Saterdag 15 September 2007/ Saturday 15 September 2007

8:30 - 9:00 Koffie & tee / coffee & tea

9:00 - 9:45 **The Sound of Greek Music** (Prof WJ Henderson, UJ)

9:45 - 10:15 **Ancient and modern heroes** (Mr J Steenkamp, UP)

10:15 - 10:45 Koffie, tee & verversings / coffee, tea & refreshments

10:45 - 11:15 **Mandrake, from Josephus to JK Rowling** (Mrs M Van den Berg, UNW)

11:15 – 11:45 **Lucian's *Zeus Refuted* and Cynic tradition** (Dr Phlip Bosman, UNISA)

11:50 – 12:50 **Sakevergadering** vir lede en diegene wat graag by die KVSA wil aansluit / **Business meeting** for members and those who wish to become members of CASA.

13:00 – 14:00 **Middagete / Lunch**

Die 2009 jaarvergadering van die Noordelike streek is op 11 Oktober by die Universiteit van die Vrystaat gehou en die program word hierby ingesluit:

Program / Programme: Saterdag 11 Oktober 2008 / Saturday 11 October 2008

8:30 - 9:00 Koffie & tee / coffee & tea

9:00 - 9:30 **Die Eienaardige Storie van Melaatsheid** (Prof Francois Retief, UVS)

9:35 - 10:15 **Die Griekse Misteriekultusse** (Prof Hansie Wolmarans, UJ)

10:15 - 10:45 Koffie, tee & verversings / coffee, tea & refreshments

10:45 - 11:15 **Die Rose van Paestum** (Dr Beatrice Martin, UP)

11:15 – 11:45 **Taal en Kerkeenheid – Calvyn se Kategismus in Latyn** (Prof Rickus Fick, UNW)

11:50 – 12:50 **Sakevergadering** vir lede en diegene wat graag by die KVSA wil aansluit / **Business meeting** for members and those who wish to become members of CASA.

13:00 – 14:00 **Ligte middagete / Light lunch**

Ons het die Vrydagaand reeds gesellig saamgekuier by die Vrouemonument is baie gasvry deur die Vrystaters onthaal.